# Storie

**20 – 24 April**

Click here for audio

## Karabo se vakansie

Karabo was die vakansie by sy familie op die plaas. Hulle het met die vliegtuig Kaap toe gevlieg. Sy oom is 'n fris man maar hy frons as daar vlooie op die varke is. Hulle het vis en vleis gebraai op die vuur. Sy mamma het 'n foto met haar foon geneem toe hy met die fiets ry. Sy boetie het met sy vlieër gespeel en toe jaag 'n volstruis hom! Neo, sy sussie het 'n pienk veer van 'n flamink se vlerk opgetel! Sy pa het die venster se raam geverf terwyl sy ma op die viool gespeel het.

1. Waar was Karabo die vakansie?

2. Hoekom frons sy oom?

3. Wat het hulle op die vuur gebraai?

4. Waarvan het mamma 'n foto geneem?

5. Watter kleur is Neo se veer?

6. Waarom speel mens op 'n viool?

7. Vir wie het die volstruis gejaag?



LIVEWORKSHEETS